



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2**

**(TEORIE)**

**NOVEMBER 2011**

**MOONTLIKE ANTWOORDE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

**VOORSTELLE EN AANBEVELINGS AAN NASIENERS**

- Gaan dikwels terug na die vrae en memorandum gedurende die eerste halfuur van nasien.
- Daar word aanbeveel dat die vraag dikwels gelees (en herlees) word saam met die kandidaat se antwoord om te sien of dit korreleer. Moenie deur die kandidaat se stellings mislei word nie.
- Daar word aanbeveel dat die nasieners die vrae en antwoorde weer lees op die tweede dag voordat die dag se nasien begin.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. Indien jy twyfel, lees die hele antwoord en gaan dan terug na die vraag en die memorandum. Vra jouself of jou hoofnasiener of die nuwe respons in die memorandum kan 'pas' om die regte punte aan die kandidaat toe te ken.

**AFDELING A****VRAAG 1: PASITEMS**

1.1	K	✓	(1)
1.2	B	✓	(1)
1.3	R	✓	(1)
1.4	J	✓	(1)
1.5	I	✓	(1)
1.6	D	✓	(1)
1.7	A	✓	(1)
1.8	P	✓	(1)
1.9	C	✓ Ken punt outomaties toe	(1)
1.10	F	✓	(1)
<b>Totaal: 10</b>			

**VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

2.1	D	✓	(1)
2.2	B	✓	(1)
2.3	C	✓	(1)
2.4	B	✓	(1)
2.5	A	✓	(1)
2.6	A	✓	(1)
2.7	D	✓	(1)
2.8	C of D	✓	(1)
2.9	A	✓	(1)
2.10	B	✓	(1)
<b>Totaal: 10</b>			

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sommige apparatuur komponente is beskadig</li> <li>Bedryfstelselfout (aanvaar veranderings aan CMOS/BIOS verstellings)</li> <li>Sagteware/Programmatuur is foutief (moenie aanvaar indien die woord 'programmatuur/sagteware' alleen gegee word nie – rede moet ingesluit wees bv. korrupsie of nuwe installasie)</li> <li>Kragstuwing/-fluktuering</li> <li>Probleme kan deur 'malware' (bv. virusse), ens. veroorsaak word</li> <li>Hardeskyf/SVE en LSG faling, ens.</li> </ul> <p>(Nota aan nasiener: Behoot verskillende redes onder elke kolpunt te wees. Moenie die beskadiging/faling van nie-kritieke komponente aanvaar nie, bv. Waaier werk nie, verandere programmatuur stellings.) ✓✓ (Enige twee)</p>			2
3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verwerker/SVE ('CPU') (aanvaar verwerkername en/of spesifikasies)</li> <li>Hardeskyf</li> <li>ETG/LSG('RAM')/Geheue</li> </ul> <p>✓✓ (Enige twee)</p>			2
3.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Laat die eienaar toe om van die werk by die huis te doen/mobiliteit/geen kables</li> <li>Gebruik minder spasie/is kleiner – hoef nie 'n groot kantoor vir administrasie te hê nie</li> <li>Kan batterykrag vir 'n beperkte periode tyd gebruik, ens.</li> <li>Dra by tot groen rekenarisering/gebruik minder elektrisiteit</li> <li>Draagbare Internetkonnektiwiteit</li> </ul> <p>✓✓ (Enige twee)</p>			2
3.4	Verwerker tipe/spoed ✓ Videoredigering benodig baie bewerkings en verwerking ✓ EN/OF Hardeskyfgrootte ✓ Videolêers is groot en benodig baie hardeskyfspasie ✓ EN/OF Nota aan nasiener: Aanvaar RAM Videoredigering vereis baie geheue	1 1  1 1		4
3.5	Die toestel kan ingeprop en outomaties/onmiddelik gebruik word ✓ sonder dat die gebruiker dit self hoef te konfigureer of enige iets te installeer ✓	1 1		2
3.6	'n Dubbellaag-DVD-aandrywer kan meer data op DVD-skywe stoor ✓			1
3.7	'n Kaartleser het verskeie gleuwe wat toelaat dat verskillende tipes draagbare stoormedia/kaarte daarin geplaas kan word ✓ sodat data na die rekenaar geles of oorgedra kan word ✓	1 1		2

3.8	3.8.1	In hierdie geval beteken dit dat dit ingebou is in die rekenaar/rekenaarskerm ✓		1
	3.8.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoef nie 'n ander toestel te koop nie</li> <li>• Bykomende USB-poort word nie benodig nie</li> <li>• Mobiliteit – kan gebruik word waar ook al die skootrekenaar geneem word</li> <li>• Gesigsherkenning</li> <li>• Word nie so maklik verloor of gesteel nie</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
	3.8.3	<p>'Cap' verwys na die hoeveelheid data ✓ wat oorgedra/gebruik kan word ✓ in 'n gegewe tydruimte (gewoonlik 'n maand) (afhangend van die pakket wat gebruik word)</p> <p>Groot hoeveelhede data word vir video-oordrag/Skype benodig ✓ ✓ <b>OF</b></p> <p>Met gebruik van die webkamera word die 'cap' vinnig uitgeput</p>	<p>1</p> <p>1</p> <p>2</p>	4
	3.8.4	<p>Inbreuk maak op privaatheid ✓</p> <p><i>(Aanvaar spesifieke voorbeelde wat met privaatheid te doen het)</i></p>		1
3.9		<p>Die rekenaarskaffer sal na die besigheid toe kom ✓ en die masjien op die perseel regmaak. ✓</p> <p><b>OF</b></p> <p>Dit is nie nodig om die rekenaar na die skaffer toe te neem om reg te maak nie aangesien hulle na jou kantoor toe sal kom.</p>	<p>1</p> <p>1</p>	2
3.10		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maklik om te gebruik (prop gewoonlik in die USB-poort)</li> <li>• Maklik om data oor te dra/Mobiliteit van data</li> <li>• Stoor groot hoeveelhede data</li> <li>• Stel jou in staat om rugsteun na 'n ander plek te verskuif/sekuriteit, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
3.11	3.11.1	<p>Programmatuur ✓ wat toestelle in staat stel om te werk en met die rekenaar te kommunikeer ✓</p> <p><i>(Aanvaar ook: Gebruik om kommunikasie tussen die bedryfstelsel en die toestel toe te laat)</i></p>	<p>1</p> <p>1</p>	2
	3.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Op die skyf wat saam met die drukker gekom het</li> <li>• Word as deel van die drywerprogramdatabasis in die bedryfstelsel verskaf</li> <li>• Laai die drywerprogram van die Internet af, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
	3.11.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die verkeerde drukker is gekies/print to file/pdf gekies</li> <li>• Drukker was afgeskakel/nie aanlyn</li> <li>• Drukker ry (spoellêr) tydelik gestop</li> <li>• Geen ink in die drukker</li> <li>• Drukker is nie aan die rekenaar gekoppel nie</li> <li>• Foutiewe drukkerkabel</li> <li>• Geen papier in die drukker nie/papier opeenhoping, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2

3.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vergroter/vergrotingsnutsprogram/groot lettersoort ('font')/zoom</li> <li>• Teks-na-spraak ('narrator' afvoer)/oudio-lokboodskappe</li> <li>• Kontras (kleurskema's)</li> <li>• Wyser ('cursor') opsies</li> <li>• Sleutelbord op die skerm</li> <li>• Stemherkenning, ens.</li> </ul>	✓✓ (Enige twee)	2
<b>Totaal</b>			<b>[34]</b>

**VRAAG 4**

4.1	4.1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskaf 'n gebruiker-koppelvlak</li> <li>• Beheer hardewarehulpbronne/ken hardewarehulpbronne toe</li> <li>• Verskaf basiese sekuriteit</li> <li>• Koördineer aktiwiteite op die rekenaar</li> <li>• Toegang tot en kommunikasie met toevoer- en afvoertoestelle, ens.</li> </ul>	✓✓✓ (Enige drie)	3
	4.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koppelvlak is dieselfde vir al die pakkette/dieselfde 'look and feel'</li> <li>• Gebruiker kan maklik van een toepassingsprogram na die ander beweeg</li> <li>• Data kan tussen verskillende toepassings/integrasie oorgedra word, ens.</li> <li>• Algemeen gebruik/wyd bevorder</li> </ul> <p>(Nota aan nasiener: Moenie antwoorde koste behels aanvaar nie.)</p>	✓✓ (Enige twee)	2
4.2		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oopbronprogrammatuur word nie in alle geografiese areas ondersteun nie</li> <li>• Sommige mense mag nie die tegniese hulp verstaan wat op die Internet aangebied word nie</li> <li>• Niemand kan verantwoordelik gehou word nie</li> <li>• Verskeie weergawes van dieselfde sagteware</li> <li>• weerstand teen verandering/gemaklik met die bekende</li> <li>• Word nie so wyd gebruik nie, ens.</li> </ul> <p>(Nota aan nasiener: Moenie algemene antwoorde soos 'nie so goed nie' of 'het goggas ('bugs')', ens. aanvaar nie.)</p>	✓ (Enige een)	1
4.3		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versteekte lêers wat deel vorm van die program kan op die hardeskyf agterbly en plek opneem</li> <li>• Mag lêers uitvee wat deur ander programme gebruik word</li> <li>• Inskrywings mag nie uit die register ('registry') verwyder word nie, ens.</li> </ul>	✓✓ (Enige twee)	2

4.4		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Klikprogramme ('Spyware')</li> <li>• Virusse/'malware'</li> <li>• Opedateerde drywerprogramme word nie gebruik nie</li> <li>• Te veel programme tegelyktydig oop (insluitende bywerkings en virussoektogte)</li> <li>• Gebruik van programmatuur wat hoër hardewarespesifikasies vereis/Gebruik van programmatuur wat uitgebreide hulpbronne benodig, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
4.5	4.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruikers mag stoormedia (ssos flitsskywe, iPods, ens) wat met virusse besmet is, inbring</li> <li>• Virusse kan die stelsel deur Internetaktiwiteit indring</li> <li>• Gebruikers mag sonder toestemming programmatuur aflaai en installeer</li> <li>• Gebruikers ignoreer waarskuwings van die anti-virusprogram</li> <li>• Virusse word aan die e-pos van die gebruikers aangeheg, ens.</li> </ul> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie aanvaar 'as die antivirusprogrammatuur nie opgedateer is' nie)</i></p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
	4.5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Antivirusprogrammatuur rapporteer virus/verdagte aktiwiteit</li> <li>• Lêer(s) word korrupt</li> <li>• Onbekende program(me) of lêer(s) verskyn skielik</li> <li>• Instellings van sekuriteitsprogrammatuur verander/word afgeskakel</li> <li>• Bykomende programme begin werk sodra die rekenaar aangeskakel word</li> <li>• Die grootte van lêers verander sonder verklaring</li> <li>• Vreemde/onverwagte boodskap/prent/foutboodskap word op die rekenaarskerm vertoon</li> <li>• Rekenaar begin skielik stadig werk</li> <li>• Ongemagtigde veranderings word aan die 'registry' aangebring</li> <li>• Die beskikbare geheue is minder as wat dit behoort te wees</li> <li>• Program(me) of lêer(s) is skielik weg</li> <li>• Program-/lêerveranderings sonder verduideliking/hou op om behoorlik te werk</li> <li>• Stelseteienskappe ('System properties') verander</li> <li>• Oop/vrye hardeskyfspasie verminder skielik</li> <li>• Rekenaar laai nie meer nie, ens.</li> </ul> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie enige antwoord wat verwys na apparatuur wat beskadig word aanvaar nie)</i></p> <p style="text-align: right;">✓✓✓ (Enige drie)</p>		3

	4.5.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Baie 'skade' kan reeds deur die virus aangerig wees as dit eers 'n maand na die infeksie ontdek word, ens.</li> <li>Antivirusdefinisië en programme moet gereeld opgedateer word omdat nuwe virusse elke dag ontwikkel word</li> <li>Meervoudige gebruikers kan geaffekteer wees ✓✓ (Enige twee)</li> </ul>	2	7
4.6		<ul style="list-style-type: none"> <li>Deursoek gereeld vir virus/klikprogrammatuur ('spyware'/'adware')</li> <li>Bedryfstelsel/programmatuur-opdatering</li> <li>Skyfdefragmentasie ('disk defragmentation')</li> <li>Rugsteun op 'n weeklikse basis</li> <li>Maak die 'Recycle bin' gereeld skoon</li> <li>Laat 'Scandisk' uitvoer om na te gaan of daar lêerstelsel-foute/slegte sektore is</li> <li>Laat 'Disk Cleanup' uitvoer/Vee onnodige data lêers uit ens. ✓✓ (Enige twee)</li> </ul>		2
4.7		<p>'n Perseellisensie laat toe dat sagteware op al die rekenaars in 'n maatskappy/organisasie gelaai word ✓</p> <p>n Meervoudige-gebruikerslisensie laat toe dat sagteware op 'n vaste aantal rekenaars gelaai word (gewoonlik 'n klein aantal) ✓</p>	1 1	2
		<b>Totaal</b>		<b>[21]</b>

**VRAAG 5**

5.1	5.1.1	<p>Om Internetkonnektiwiteit ✓ te deel ✓ (vanaf al die genetwerkte rekenaars)</p> <p>Om Internettoegang aan al die genetwerkte rekenaars te verskaf. Die kernfunksie van 'n kuberkafee is om Internettoegang te verskaf</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar antwoorde wat na die funksie met 'n geldige rede, bv. "Internet-speletjies", ens. verwys)</i></p> <p>✓✓ (Enige twee)</p>	2	
	5.1.2	<p>LAN ✓ as al die rekenaars binne 'n relatief beperkte lokaal/area geplaas is ✓</p>	1 1	

5.1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koste van die opstelling</li> <li>• Koste van die instandhouding van die netwerk</li> <li>• Behoeft om data gereeld te rugsteun</li> <li>• Baie mense het toegang tot die data (sekuriteitskwessies)</li> <li>• Toegang tot die Internet laat die risiko van virusse toeneem</li> <li>• Indien die bediener af is, is die hele netwerk af, ens.</li> </ul> <p><i>(Aanvaar slegs antwoorde in verband met die opstel en bedryf van 'n netwerk en nie antwoorde wat na die bedryf van 'n kuberkafee verband hou nie)</i></p> <p>✓✓ (Enige twee)</p>	2	6
5.2	Verskaf Internettoegang ✓ via 'n draadlose netwerkkonneksie ✓		2
5.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bied lesse, oor die gebruik van die Internet/rekenaargeletterdheid aan aan mense wat dit nodig het</li> <li>• Maak ou rekenaars beskikbaar vir mense wat dit nodig het</li> <li>• Maak die rekenaarfasielste meer toeganklik</li> <li>• Verskaf gratis Internettoegang, ens.</li> </ul> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige ander geldige antwoord. Die antwoorde moet verwys na die gebruik van toerusting vir opleidingsdoeleindes, toegang tot die Internet teen billike pryse, en ontslae raak van gebruikte toerusting)</i></p> <p>✓✓ (Enige twee)</p>		2
5.4	5.4.1 e-handel/e-besigheid ✓	1	
	5.4.2 Geel slotikon ( <i>aanvaar slot</i> ), iewers op die skerm OF <i>https</i> wat in die URL verskyn ✓	1	
	(Nota aan nasiener: Aanvaar SMS kennisgewing)		
	5.4.3 <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoef nie in rye te staan nie/tydbesparend</li> <li>• Hoef nie groot bedrae geld rond te dra nie</li> <li>• Het altyd toegang wanneer jy aanlyn is/24/7</li> <li>• Veiliger omdat jy nie bank toe hoef te gaan nie</li> <li>• Makliker om tred te hou met jou rekeninge</li> <li>• Besnoei reiskoste/vervoerkoste</li> <li>• Gewoonlik goedkoper bankkoste, ens.</li> </ul> <p>✓✓✓ (Enige drie)</p>	3	5
5.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Laai na 'n webruimte waarop die persoon (in Kaapstad) toegang het</li> <li>• Aanvaar: webgebaseerde lêer-huisvestigingsdiens in die wolk/aanlyn fasiliteit om lêers te deel en te sinkroniseer,</li> <li>• Aanvaar 'DropBox'/Skydrive/in die wolk-tipe antwoorde</li> <li>• Aanvaar: Maak gebruik van 'n lêeroordragdiens ('ftp') wat die deel van lêers toelaat, ens.</li> </ul> <p>✓ (Enige een)</p>		1



5.6	Laai outomaties ✓ die jongste/opgedateerde inligting van webtuistes af ✓		1 1	2
5.7	5.7.1	(Kort) boodskap pos ✓ wat Twitter gebruik ✓	2	
	5.7.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Is oop vir predatore/pedofiele/kuberbekruipers</li> <li>• Plaas stremming op netwerkhulpbronne bv. 'cap'/Dit gebruik die bandewydte op/Gebruik die skool se 'cap' op</li> <li>• Verslawing aan hierdie webruimtes/Spandeer te veel tyd op hierdie webtuistes/eerder spandeer te veel tyd op die Internet</li> <li>• Werkers mors die maatskappy se tyd/onproduktief</li> <li>• Vervang sosiale kontak</li> <li>• Werkers mag die maatskappy in diskrediet bring deur beledigende kommentaar op die Facebook muur/Gebrek aan privaatheid aangesien inligting openbaar gemaak word, ens.</li> </ul> <p>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige ander redelike antwoord wat nie 'n herhaling van bostaande woorde is nie)</p> <p>✓✓ (Enige twee)</p>	2	4
<b>Totaal</b>				<b>[22]</b>

**VRAAG 6**

6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Zip groot lêers/moenie groot lêers stuur nie</li> <li>• Moenie baie aanhegsels by een e-pos voeg nie</li> <li>• Maak seker dat aanhegsels virusvry is</li> <li>• Moenie .exe aanhegsels stuur nie</li> <li>• Moenie e-gemorspos stuur nie, ens.</li> </ul> <p>✓ ✓ ✓ (Enige drie)</p>			3
6.2	6.2.1	Abcgenius ✓	1	
	6.2.2	(Nie-winsgewende) organisasie ✓ Webruimte wat in Suid-Afrika gevind word/Geografiese ligging ✓	1 1	3
6.3	Webdeurblaaiër – toepassingsprogrammatuur ✓ wat jou toelaat om toegang te kry/na webbladsye te kyk ✓ Soekenjin – program/webtuiste ✓ wat by gebruikersnavrae pas om webruimtes/webbladsye/prente/video's/nuusinligting te vind ✓		1 1 1 1	4

6.4	6.4.1	Cc – Kopieer die e-pos na ander en die adres is sigbaar ✓ Bcc – Kopieer die e-pos na ander gebruikers toe, maar die adresse is nie vir daardie gebruikers sigbaar nie ✓	1 1	
	6.4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik die spamfilter vanaf die IDV ('ISP')</li> <li>• Gebruik sekuriteitssagteware, bv. anti-spamsagteware/anti-virussagteware</li> <li>• Gebruik meervoudige e-posadresse d.i. 'n openbare adres and 'n e-posadres vir spesifieke doeleindes.</li> <li>• Wees versigtig waar jy jou e-posadres gee/moenie jou e-posadres bevestig nie, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	4
6.5	6.5.1	Merker wat identifikasiedata bevat ✓ wat draadloos gelees/geïdentifiseer word ✓	1 1	
	6.5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorraadopname</li> <li>• Sekuriteit/Op die spoor van toerusting bly/Beperk die aantal diefstalle ens.</li> <li>• Toegangsbeheer tot die perseel/rekenaars</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	3
6.6		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koop energiebesparende hardeware soos LCD-skerm</li> <li>• Skakel af wanneer nie in gebruik nie</li> <li>• Gebruik kragbesparing ('power saving')/hiberner</li> <li>• Gebruik toerusting met die 'energy star'-spesifikasie, ens.</li> </ul> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige redelike antwoord wat met krag te doen het)</i></p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
6.7	6.7.1	Rekenaarpote bevat giftige substansies✓ wat skadelik vir die omgewing is ✓	1 1	
	6.7.2	e-Rommel ('e-Waste/e-srap') ✓	1	3
6.8	6.8.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kostebesparings</li> <li>• Aangesig-tot-aangesig-kommunikasie</li> </ul> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie kommunikasie alleen aanvaar nie)</i></p> <p style="text-align: right;">✓(Enige een)</p>	1	
	6.8.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beide partye moet terselfdertyd aanlyn wees/Kan nie 'n boodskap laat indien die persoon nie aanlyn is nie</li> <li>• Sekuriteitsrisiko soos identiteitsdiefstal en virusoordrag</li> <li>• Kan nie aanhegels stuur nie</li> <li>• Laer produktiwiteit weens onderbreking, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	3

6.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voeg meer woorde by</li> <li>• Gebruik sinonieme</li> <li>• Gebruik Boolese operators (AND/OR/NOT + - )</li> <li>• Gebruik die korrekte spelling</li> <li>• Gebruik aanhalingstekens</li> <li>• Gebruik opsies deur 'advanced search' verskaf</li> </ul>	✓✓ (Enige twee)	2
<b>Totaal</b>			<b>[27]</b>

**VRAAG 7**

7.1	7.1.1	Stoor die lêer in RTF ✓ of TXT formaat of .doc formaat  <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar Word 2003/XP-formaat. Sluit enige verwysing na Office 2007 en 2010 uit)</i>	1	
	7.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommentaar wat meer detail/verduidelikings gee</li> <li>• Gee 'n verwysing na 'n bron waarvandaan die feite gekry is</li> <li>• Gee die naam van die persoon wat die stelling aangehaal het, ens.</li> </ul>	✓✓ (Enige twee)	2
	7.1.3	Afdelingsbreuke ('Section breaks') ✓	1	
	7.1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Het nie toegang tot die program waarin die dokument geskep is nodig om dit te kan lees nie</li> <li>• Lees-alleen ('read-only') dokument</li> <li>• Sodat die PDF-dokument nie maklik verander of geredigeer kan word nie (benodig spesiale sagteware om veranderinge te kan maak)</li> <li>• Sekuriteitsredes, bv. wetlike implikasies</li> <li>• Die dokumente kan op 'n PR ('PC') met enige bedryfstelsel gelees word, bv. Apple- of Linux-gebaseer.</li> </ul>	✓✓ (Enige twee)	2
		<i>(Nota aan nasiener: Moenie aanvaar nie: Gebruik minder skyfspasie)</i>		6
7.2	7.2.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lig opskrifte uit deur vetdruk of skakerings te gebruik</li> <li>• Gebruik geldeenheid ('currency') formatering indien jy met geld werk</li> <li>• Formateer kolom C om die desimale plekke te verwyder</li> <li>• Formateer alternatiewe rye met verskillende kleure, ens.</li> <li>• Voeg selrame by</li> <li>• Korrigeer foute in formules/paslike selle, ens.</li> </ul>	✓✓ (Enige twee)	2
	7.2.2	Steek die kolom weg ✓	1	

	7.2.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik van teks (bv. funksienaam) wat nie bestaan nie</li> <li>• Verkeerde spelling van 'n funksienaam</li> <li>• Voer teks in 'n formule in sonder aanhalingstekens</li> <li>• Die uitlaat van 'n ':' (dubbelpunt) in 'n ryverwysing, ens.</li> <li>• Het nie absolute adressering gebruik wanneer nodig nie, ens.</li> </ul> <p>✓✓ (Enige twee)</p>	2	
	7.2.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deel deur nul</li> <li>• Deel deur 'n leë/oop sel</li> </ul> <p>✓ (Enige een)</p>	1	
	7.2.5	Mode ✓	1	
	7.2.6	Gebruik absolute selverwysing/gebruik funksiesleutel F4 ✓ op sel F6 (Aanvaar ook =E8*\$F\$6)	1	
	7.2.7	COUNTIF ✓	1	9
7.3	7.3.1	Memo ✓	1	
	7.3.2	OLE ✓  (Nota aan nasiener: Moenie hiperskakels aanvaar nie)	1	
	7.3.3	ID ✓	1	
	7.3.4	A – Die verduideliking moet met Internet begin en dan kan enigiets anders volg ✓ B – Internet moet iewers in die verduideliking verskyn ✓	1 1	5
7.4	7.4.1	'A' OR 'B' ✓ korrekte opsies gebruik ✓ OR operator gebruik  (Nota aan nasiener: Moenie penaliseer as die aanhalingstekens rondom 'A' of 'B' nie gegee is nie.)	1 1	
	7.4.2	Basset ✓	1	3
7.5	7.5.1	Ure ✓	1	
	7.5.2	Vierkantige hakies word om 'n veldnaam gebruik ✓ Ronde hakies word vir wiskundige berekenings gebruik/ Forseer korrekte volgorde van berekening ✓	1 1	3
		<b>Totaal</b>		<b>[26]</b>

**TOTAAL AFDELING B: 130**  
**GROOTTOTAAL: 150**